# Boeke

Nie al die boeke wat in hierdie rubriek aangekondig word, is **splinternuut** nie. Party is "ou bekendes" wat 'n onlangse herdruk/bywerking beleef het; party is (buitelandse) titels wat onlangs eers deur plaaslike agente aan die redaksie deurgegee is; party behandel onderwerpe wat al snuif getrap is deur ander kundiges. Enkeles is kraaknuut. Dit bly egter opwindend om mooi, nuwe eksemplare te ontvang wat die professionele kommunikasiekundige én die student inspireer om te gaan lees, selfs wéér te gaan lees. Die argumentering wat daaruit voortvloei, is sekerlik wat 'n mens "akademiese diskoers" (met toespitsing op die kommunikasiewetenskap) kan noem.

***BOEKEWÊRELD: Die Nasionale Pers in die uitgewersbedryf tot 1990*. W D Beukes (red.), J C Steyn et al. Nasionale Boekhandel Bpk, Kaapstad.**

Hierdie boek sal van groot waarde wees vir die Joernalistiek-dosent wat ook 'n historiese oorsig van die plaaslike uitgewersbedryf by sy/haar curriculum wil bywerk. Dit behandel die omstandighede waarin die onderskeie uitgewerye van die Nasionale Pers hul boeke oor 75 jaar uitgegee en die koerante en tydskrifte dit bespreek het. Dit is dokumentasie van polemieke en ander botsings – en gevolglik 'n weerspieëling van politieke en kulturele strominge. Dié lywige boek (612 bladsye) is nie vry te spreek van 'n mate van selfingenomendheid nie – maar as prof Jaap Steyn by 'n projek soos dié betrokke was, is die leser darem daarvan verseker dat dit 'n publikasie is wat tot nadenke gaan stem.

***BROADCAST JOURNALISM – Techniques of Radio and TV News*. Andrew Boyd. Heineman Professional Publishing Ltd., London.**

***BROADCAST NEWS – Writing and Reporting*. Peter E Mayeaux. WCB Publishers, Dubuque.**

Publikasies van dié aard – wat sweem na dié soort boeke wat jy miskien op die koffietafel (in jou studeerkamer) sal laat rondlê – laat 'n mens altyd 'n bietjie treurig voel. Die voorkoms, aanbieding en uitleg is gewoonlik keurig – maar die inhoud daarvan is so skraal dat jy beswaarlik daarmee 'n eerstejaarstudent tot nuwe insigte sal kan lei. Plek-plek is daar selfs lagwekkende voorstellings: As die Boyd-boek, vanself, op p 220 oopval, is daar 'n foto (Figure 51) van 'n hand wat 'n mikrofoon vashou. "Take up the slack on the cable and grip the mike lightly", is die by/voorskrif. Ek is van mening dat 'n semiotiese lesing van dié foto meer sin gaan maak vir die beeldkommunikasiestudent as vir die voornemende uitsaaier.

Alles in dié twee boeke is egter nie te versmaai nie. Studente wat nie goed in die klas opgelet het nie, kan 'n paar wetenswaardige dinge te lese kry oor onder meer nuusinsameling en onderhoudvoering. Voorts kan die (plaaslike) dosent miskien sy argumentering versterk met Brits/Amerikaanse empirie: 20 studente het geslaap en 25 was wakker tydens 'n spesifieke nuusuitsending in San Diego in November 1991 ensovoorts, ensovoorts.

Miskien is die oordeel te kras. Dié leser glo egter dat die Suid- Afrikaanse uitsaaiwese andersoortige pre-okkupasies en probleme met die elektro-



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

niese media het. Glanspublikasies uit Brittanje en Amerika kan ons jaloers maak op die vindingrykheid van nuwe tegnologie, maar hulle kan ons (helaas) niks nuuts leer oor die plaaslike ideologie van die uitsaaibedryf nie.

***COPYWRITING FOR THE ELECTRONIC MEDIA*. Milan D. Meeske & R C Norris. Wadsworth Publishing Company, Belmont.**

Om oorredende advertensiekopie vir koerante, tydskrifte, radio ten TV te konsipieer, word – toenemend – 'n loopbaanopsie vir studente wat besluit om in reklame te spesialiseer. Dit is 'n "genadelose" bedryf waarin net die hoogs talentvolles oorleef. 'n Handleiding wat fabrieksgeheime verklap, is dus onontbeerlik vir die nuweling wat hom/haar in dié bedryf begewe. Meeske en Norris se "Practical Guide" – ondanks die Amerikaanse benadering daarvan – is heerlik leesbaar en propvol wenke. Die boek se voorkoms sinjaleer al klaar dat daar op 'n "populêre" leespubliek toegespits word – maar die ambisieuse nuweling sal spoedig vind dat daar veel is wat hom/haar tot lering en stigting strek. En dosente en bedryfsmense wat graag wenke wil deurgee, kan dié boek gerus ook maar aanskaf.

Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).